Kinders wat bid: Wie is die Here regtig?

Ons weet nie hoe die Here lyk, omdat ons Hom nie kan sien nie! 'n Rede daarvoor is omdat God Gees is. Ons weet wel dat ons na Sy beeld gemaak is. Dis hoekom ons aan Hom dink as 'n mens. Maar God is Gees en niemand het Hom nog gesien nie. Jy kan Hom nie sien soos jy jou ouers of jou vriende kan sien nie. Hoe kan ons weet of Hy regtig bestaan en hoe Hy is? Die antwoord is maklik. Ons kan die Bybel glo.

Wanneer jy die Bybel begin lees en glo wat daar staan en Jesus vra om ook jou Redder te wees, kom jy agter dat Hy regtig daar is. Dat Hy bestaan. En ons glo dat Jesus vir ons sonde betaal het. En dat ons met Hom kan praat. Ons kan Hom ook vertrou. Hoekom? Omdat die Bybel, wat die Waarheid is, vir ons leer dat Hy getrou is. Hy is betroubaar. Dit is deel van Sy karakter, deel van 'hoe Hy is'. Hy het ook ander wonderlike dinge wat Hy is – ander karakter-eienskappe. En met God is dit belangrik om die woord "altyd" te onthou. "Altyd" beteken ewig. Die Here het altyd bestaan en Hy sál altyd bestaan. Hier is 6 belangrike dinge om te onthou oor wie die Here is, m.a.w. Sy karakter.

1. Die Here is **altyd** teenwoordig. Dit beteken die Here is orals op dieselfde tyd. *Dankie Here dat ek enige plek en enige tyd kan bid. As ek eensaam voel, help my om te onthou dat U by my is, nader as my ma en pa of my maats.*

2. Die Here is **altyd** magtig. Hy kan alles doen, niks is vir Hom onmoontlik nie. *Dankie Here, dat U altyd my gebede beantwoord, al sê U soms nee. Omdat U die beste weet. Kom doen asseblief die dinge wat ek nie kan doen nie.*

3. Die Here weet **altyd** alles. Die Here weet alles, selfs voordat dit gebeur het. *Dankie Here dat ek vrede en die vertroue kan hê dat U in beheer is van alles wat in my lewe gaan gebeur.*

4. Die Here is **altyd** regverdig. Hy doen net wat reg en regverdig is. *Dankie Here dat ek op U kan vertrou om my te help wanneer ek nie weet wat die regte ding is om te doen nie. Doen asseblief in my lewe wat die beste in U oë is.*

5. Die Here is **altyd** heilig. "Heilig" beteken "volmaak". Die Here sondig nooit. *Dankie, Here, dat U nooit 'n fout maak wanneer U my gebede hoor of antwoord nie. Ek wil ook altyd heilig wees. Maak my heilig soos U heilig is*.

6. Die Here is **altyd** goed. Sy planne vir jou lewe is die beste. *Dankie Here dat U in alle omstandighede dinge uitwerk vir die beste. Help my om na omstandighede te kyk soos U daarna kyk.*

Kan jy aan ander eienskappe van die Here se karakter dink wat nie op die lys is nie? Maak jou eie lys. Maar bo alles onthou om elke dag vir Hom dankie te sê, dat Hy regtig is en dat Hy orals is, ook nóú op hierdie oomblik bý jou!